BYBELSTUDIE HEBREËRS 4:14-5:3.

Die tweede hoofdeel van Hebreërs strek van 4:14-10:31. Hierdie gedeelte handel oor Jesus Christus ons Hoëpriester. Die woord 'Hoëpriester' het tot nou toe slegs twee keer voorgekom [2:17; 3:1]. In hierdie hoofdeel verskyn dit altesaam veertien keer. In die vorige deel is beskryf hoe Jesus God na ons toe gebring het. Nou gaan aan ons verduidelik word hoe Jesus ons na God toe bring.
Die woordjie 'hoëpriester' beteken letterlik in Latyn: brugbouer. Jesus Christus is ons Brugbouer. Hy het 'n brug van God af na ons geword deurdat Hy God aan ons bekend gemaak het [1:1-2]. Deur sy offer en intrede voor God het Hy weer 'n brug van ons af na God toe geword. Daarom lees ons in vers 14 dat Christus as ons Hoëpriester *reeds deur die hemele gegaan het.* Ter wille van ons verskyn Hy nou voor God.
Die geloof wat ons bely [14] verwys hier na die kern van ons Christelike geloof soos uitgedruk in die elementêre geloofsbelydenis wat jong Christene voor hulle doop uitgespreek het. Die bekende geloofsbelydenis van die kerk [soos die Apostoliese Geloofsbelydenis] het nog nie bestaan nie. Die kernbelydenisse van die jong Christene was dat Jesus die Here is [Rm.10:9; 1 Kor.8:6; 12:3; Fil.2:11] en dat Hy Christus, die Seun van God is [vgl. Matt.16:16; Joh.20:31; 1 Joh.2:22].
Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie [15]. Hierdie sin bevat 'n interessante taalverskynsel waar 'n saak ontkennend gestel word, sodat ons dit positief moet lees [bv. wanneer 'n ma vir haar dogter sê: "Danie is glad nie onaantreklik nie," wil sy eintlik sê dat Danie aantreklik is]. Daarom kan ons vers 15 positief vertaal: *"Die Hoëpriester wat ons het, is Een wat volkome medelye met ons swakhede kan hê."* Die Griekse woord vir *medelye hê* hou verband met ons woord *simpatie* [sumpatheõ]. Medelye beteken om jou so in te leef in ander se lyding dat jy saam met hom seerkry [vgl. Hb.13:3]. Ons Hoëpriester Jesus, moes saam met ons voel [vgl. Joh.11:33-38].
Ons swakhede [15]. Hierdie swakhede beteken iets anders as sonde. Dit gaan oor ons swakheid om teen die sonde weerstand te bied [vgl. Rm.5:6].
Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp [15]. Dit is waarom ons Hoëpriester voluit saam met ons kan voel. Hy is self versoek – in elke opsig, net soos ons. Dit verbied ons om Jesus se versoekings op enige manier af te plat. Hy is versoek, *maar Hy het nie gesondig nie* [15]. Hy tree as Oorwinnaar uit die stryd. Daarom kan die gemeente na Hom opsien [2:9; 3:1; 12:2].
Met so 'n begrypende Hoëpriester om ons saak voor God te stel, *kan ons met vrymoedigheid na die genadetroon gaan* [16]. Die genadetroon is deur die Jode verstaan as die "troon van gerig". Hebreërs herdoop dit tot *genadetroon* juis omdat Jesus sy offer vir ons voor God neergelê het. Ons moet egter *op die regte tyd gaan* [16]. Die Grieks kan hier beter vertaal word met "betyds". Ons moet *betyds* gaan. Genadetyd is nie onbeperkte tyd nie.

Hebreërs 5:1-3: hierdie deel fokus op drie aspekte van die aardse hoëpriester se amp:

- Sy aanstelling en opdrag [1].
- Sy houding teenoor mede sondaars [2].
- Sy persoonlike belang by die offers [3].

Die gawes en offers [1] waarvan hier gepraat word, verwys na die volgende: gawes verwys na nie-bloedige offers [spys- en drankoffers], en offers na bloedige offers [van diere]. Omdat dit in Hebreërs hoofsaaklik gaan om die Hoëpriester, is veral die offers op die groot Versoendag ter sake [Num.29:7-11].

Die aardse hoëpriester kan ook *meegevoel hê met die onwetende en dwalendes* [2]. Hier word egter 'n ander Griekse woord gebruik as Jesus se meegevoel [metriopatheo]. Hierdie meegevoel beteken eerder empatie [beheersde meegevoel].

Hy kan ook meegevoel hê met die onwetendes en die dwalendes [2]. Die hoëpriester moet empatie hê met sondaars want hy is self ook 'n mens. Hier word onderskei tussen die onwetende sondaars en die dwalende sondaars. Ons kan dit so uitdruk: hy moet empatie hê teenoor hulle wat onwetend dwaal. So word onderskeid getref tussen opsetlike en moedswillige sondes [Lev.4:2,3; 22:14; Num.15:30,31; Deut.17:12]. Alleen vir hulle wat onwetend gedwaal het, dus vir die onopsetlike sondes, mag daar offers gebring word. Vir die moedswillige sondes is die hoëpriesterlike versoening uitgesluit [10:26].

BYBELSTUDIE.

1. Wat is die geloofsbelydenis waaraan ons vashou en wat ons bely?

.....

.....

2. Die lesers van Hebreërs het ook hulle geloof bely [14]. Die geloofsbelydenis van die kerk soos ons dit ken het egter nog nie bestaan nie. Wat was hulle kern belydenis?

   LEES: Rom.10:9; 1 Kor.8:6; Fil.2:11:.....

   LEES: Matt.16:16; Joh.20:31; 1Joh.2:22:.....

3. Die Hoëpriester wat ons het, het volkome simpatie met ons swakhede en versoekings [15]. Hoe raak dit ons vrymoedigheid wanneer ons sonde gedoen het? En wanneer ons bid?

   .....

   .....

4. Waarom kan ons met met vrymoedigheid na die Here gaan? [16]

   .....

   .....

5. Hoe verstaan u die woorde: *"...en so op die regte tyd gered kan word."*?

   .....

   .....

6. Op watter manier in Jesus dieselfde as die aardse hoëpriester? [5:1-3].

.....

7. Op watter manier is Jesus anders as die aardse hoëpriester? [5:1-3].

   .....

   .....

   .....

8. Die aardse priesters moes meegevoel hê met die onwetendes en die dwalendes [5:2]. Ons sou kon vertaal: hulle moes meegevoel hê met diegene wat opsetlike sonde gedoen het en diegene wat onwetend sonde gedoen het. Wat is die verskil tussen hierdie sondes?

   .....

   .....

   .....

AANTEKENINGE.

1. Ons het ses geloofsbelydenisse: Apostoliese; Nicea; Athanasius; Nederlandse; Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls.

2. Jesus is die Here.
   Hy is Christus, die Seun van God.

3. Ons kan met baie groter vrymoedigheid na Christus gaan in die gebed. Die Griekse woord vir medelye soos genoem in die vraag is simpatie. Dit beteken om jou so in te leef in ander se lyding dat jy saam met hom/haar seerkry. Jesus Christus voel saam met ons – Hy verstaan. Juis dit gee die vrymoedigheid om na Hom te gaan met ons sonde en stryd teen versoekings.

4. Omdat ons daar barmhartigheid en genade ontvang. By die Jode het die troon bekend gestaan as die troon van "gerig". Hebreërs het dit herdoop tot genadetroon.

5. Die Grieks kan beter vertaal word met "betyds". Ons moet betyds gaan. Ons lewe is nie in ons hande nie. Genadetyd beteken nie onbepaalde tyd nie [vgl. Heb.12:17]. More is dit te laat.

6. Hy het mens geword en was mens net soos die hoëpriester.
   Hy het by God ingetree.

7. Hy self was die offer by God.
   Hy is nie uit die mens geneem nie maar was God.
   Hy het op 'n ander wyse meegevoel as die aardse hoëpriester.
   Hy was sonder sonde.

8. Onwetende sonde is die sonde wat nie gedoen wil word nie. Dit is teen jou wil en begeerte. In opsetlike sonde daarteenoor, sit 'n element van moedswilligheid en volharding. Jy weet jy doen verkeerd, nogtans volhard jy in die sonde. Dit word later sonde teen die Heilige Gees.

****